

Woensdag 8 September

Skrifgedeelte: Titus 2:1-5

Fokusgedeelte: Titus 2:3-5

Preek die evangelie – ook ouer en jonger vroue – deur die evangelie te lééf!

Die grootste gedeelte van die Titusbrief handel oor die Christelike lewe wat by die gesonde leer pas (2:1). Titus se onderrig moes die gelowiges laat insien dat hulle die geloofwaardigheid van die evangelieboodskap dien deur die evangelie te lééf. Op dieselfde vlak as (ouer) mans, is die ouer en jonger vroue hierby ingesluit.

Die bejaarde vroue is aanhoorders daarvan om hulle te gedra soos dit “heiliges” betaam. Hiervoor word ’n woord gebruik wat net hier in die Nuwe Testament voorkom. Dit dui op iemand se lewenshouding wat in God se heiligdom verkeer. Die ouer vroue se gedrag moet hiervan ’n verhewe voorbeeld in skoonheid wees: geklee in die bewustheid van God se heilige teenwoordigheid. Kwaadpraterij, as duiwelswerk, pas nie hierby nie. Ook nie dronkenskap nie. Dit lei daartoe dat die Christelike leer belaster word. Hierteenoor staan om ’n voorbeeld van die “goeie” te wees. En om uit rype geloofservaring aan die jonger vroue raad en leiding te gee. Toegespeit op die huwelikslewe en huislike verhoudings, dien dit om hulle daarin as kinders van God te ontplooi. Om in sake soos liefde vir hulle mans en kinders, kuisheid en verstandigheid die vernuwing deur die reddende genade van Christus te lééf, word die evangelie op ’n sigbare wyse verkondig.

Op alle gelowiges rus die verantwoordelikheid om die evangelie tot ’n getuigenis van die verlossing in Christus te lééf. Want die wêreld beoordeel die Christelike leer volgens die gedrag wat hulle by gelowiges sien. ’n Leefwyse wat hieraan afbreuk doen, bring die geloofwaardigheid van die evangelieboodskap in gedrang. In teenstelling hiermee staan om bedag daarop te lewe, waardeur die woord van God nie in diskrediet kom nie. Ouer vroue se leefwyse passend by wat heiliges betaam, en die rol wat jonger vroue as gelowige moeders in huisgesinne speel – hierin is hulle sierade in Gods koninkryk. Hierdeur word “die aansien van die leer van God ons Verlosser verhoog” (2:10): Preek die evangelie deur die evangelie te lééf!

Sing: Psalm 128-1:3

Ds. EJ Tiemensma (Eddie) (Emeritus)